

An Exposition of the
Seven Church Ages

Chapter One

Die Openbaring Van Jesus Christus

Die Openbaring Van Jesus Christus (Openbaring 1:1-20)

Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,

wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus-alles wat hy gesien het.

Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor Sy troon is,

En van Jesus Christus, die Getroue Getuie, die Eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed

en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Kyk, Hy kom met die wolke; en elke oog sal Hom sien, en hulle wat Hom deurstee het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Ek is die Alfa en Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus.

Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin,

wat sê: Ek is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Efese en Smirna en Pergamus en Thiatire en Sardis en Filadelfia en Laodicea.

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,

en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters.

En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

En toe ek Hom sien, val ek soos n dooie aan Sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die Eerste en die Laaste

en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is sowel as die wat gaan gebeur;

die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.

Voorstelling van Deel Een

Openbaring 1:1-3.

“Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat

gou moet gebeur; en wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het,

wat getuig het van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus-alles wat hy gesien het.

Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is want die tyd is naby."

Die skrywer (nie outeur nie) van hierdie boek is Johannes die goddelike. Geskiedkundiges stem saam dat hy die laaste deel van sy lewe geleef het in Efese, hoewel gedurende die tyd wat hy die boek geskrywe het was hy op die eiland Patmos. Dit is nie die lewe van Johannes nie, maar dit is die Openbaring van Jesus Christus in die toekomstige kerke. In vers drie word dit genoem 'n profesie en dit is wat dit werklik is.

Hierdie boek word gewoonlik genoem die Openbaring van Heilige Johannes, maar dit is verkeerd. Dit is die Openbaring van Jesus Christus soos gegee aan Johannes vir Christene deur al die eeue. Dit is die enigste boek in die hele Bybel wat deur Jesus Self geskryf is, deur persoonlik te verskyn aan 'n skrywer.

Dit is die laaste Boek van die Bybel, tog vertel dit die begin en die einde van die dispensasies van die Evangelie.

Nou die Griekse woord vir openbaring is "apokalips" wat "onthulling" beteken. Hierdie onthulling is perfek beskryf in die voorbeeld van 'n beeldhouer wat sy werk onthul, wat dit vertoon aan die toeskouer. Dit is 'n blootstelling, wat openbaar wat verborge was. Nou die ontbloting is nie net die openbaring van die Persoon van Christus nie, maar dit is **DIE OPENBARING VAN SY TOEKOMSTIGE WERKE IN DIE AANKOMENDE SEWE KERK TYDPERKE.**

Die belangrikheid van openbaring deur die Gees vir 'n ware gelowige kan nooit te veel benadruk word nie. Openbaring beteken meer vir jou as wat jy miskien besef. Nou ek praat nie oor hierdie Boek van Openbaring en jy nie. Ek praat van ALLE openbaringe. Dit is verskriklik belangrik vir die kerk. Onthou julle in Mattheüs 16 waar Jesus die dissipels hierdie vraag gevra het,

"Wie sê die mense is Ek die Seun van die Mens?"

En hulle het gesê, Sommige sê dat U Johannes die Doper is: party, Elía; en ander, Jeremiah, of een van die profete.

Hy sê vir hulle, Maar wie sê julle dat ek is?

En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

En Jesus antwoord en sê vir hom: Geseënd is jy, Simon Bar-Jona; want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader Wat in die hemel is.

En ek sê vir jou, dat jy Petrus is, en op hierdie rots sal Ek My kerk bou; en die poorte van die hel sal nie daarteen standhou nie."

Die Rooms Katolieke sê dat die kerk gebou is op Petrus. Nou dit is regtig vleeslik. Hoe kon God die kerk op 'n man bou wat so onstabiel was dat hy die Here Jesus ontken en gevloek het terwyl hy dit gedoen het? God kan nie Sy kerk op enige man bou gebore in sonde nie. En dit was nie een of ander rots wat daar gelê het nie asof God die grond geheilig het op daardie kol nie. En dit is nie soos die Protestante sê nie, dat die kerk op Jesus gebou is. Dit was die OPENBARING. Lees dit soos dit geskryf is: "Vlees en bloed het dit nie GEOPENBAAR nie, MAAR MY VADER HET DIT GEOPENBAAR, en OP HIERDIE ROTS (OPENBARING) SAL EK MY KERK BOU: Die kerk is gebou op Openbaring, op die "So Spreek die Here."

Hoe het Abel geweet wat om te doen om 'n regte offerhande vir God te offer? Deur geloof het hy die openbaring van die bloed ontvang. Kain het nie so 'n openbaring gekry nie (selfs al het hy 'n opdrag gehad) so hy kon nie die regte offerhande offer nie. Dit was 'n openbaring van God wat die verskil gemaak het en Abel ewige lewe gegee het. Nou jy kan nou vat wat die pastoor sê, of wat die teologiese skool leer, en al mag dit vir jou geleer word met welsprekenheid, totdat God aan jou openbaar dat Jesus die Christus is, en dat dit die bloed is wat jou reinig, en dat God jou Verlosser is, sal jy nooit Ewige lewe hê nie. Dit is die Geestelike openbaring wat dit doen.

Nou ek het gesê dat hierdie Boek van Openbaring die openbaring van Jesus is en wat Hy in die kerke doen vir daardie sewe eeue. Dit is 'n openbaring want die dissipels, self, het nie hierdie geskrewe waarhede geweet nie. Dit was nie aan hulle voorheen geopenbaar nie. Onthou julle dat hulle na Jesus toe gekom het in die Boek van Handeling en Hom gevra het: "Gaan U op hierdie tyd die koninkryk teruggee aan Israel?" En Hy het gesê: "Dit is nie vir julle om te weet die tye of die seisoene nie." Daardie manne het steeds gedink aan Jesus met 'n aardse koninkryk. Maar dit was 'n geestelike koninkryk wat Hy

sou bou. Selfs Hy kon nie vir hulle vertel van Sy plek daarin nie, want die Vader het dit nie aan Hom geopenbaar nie. Maar nou na Sy dood en opstanding, en op hierdie spesifieke tyd in Sy bemiddeling ministerie, is Hy in staat om hier in hierdie openbaring van Homself uiteen te sit aan Johannes wat Sy glorie en teenwoordigheid in die kerk sou beteken en doen.

In hierdie openbaring sê Hy vir ons wat die einde van die duiwel is. Hy vertel hoe Hy gaan handel met die duiwel en hom in die meer van vuur werp. Hy openbaar die einde van die goddelose wat Satan volg. En Satan haat dit.

Het julle ooit opgelet hoe Satan twee boeke van die Bybel haat meer as die ander? Deur liberale teoloë en pseudonieme-wetenskaplikes val hy altyd die Boek van Génesis en die Boek van Openbaring aan. In beide van hierdie boeke vind ons Satan se oorsprong, sy vreeslike maniere en sy vernietiging. Dit is waarom hy hulle aanval. Hy haat om blootgestel te word, en in daardie boeke word hy blootgestel vir presies wat hy is. Jesus het gesê oor Satan: "Hy het geen deel in My en ek het geen deel in hom nie." Die duiwel sou dit graag anders wou bewys het; maar hy kan nie, so hy doen alles wat hy kan om die vertrouwe in die Woord te vernietig. Maar wanneer die kerk Satan nie glo nie en die Gees se openbaring van die Woord glo, die poorte van die hel kan nie teen haar standhou nie.

Laat my net 'n woord hier insit van my eie bediening, as julle nie omgee nie. Julle almal weet dat hierdie gawe in my lewe bonatuurlik is. Dit is 'n gawe waardeur die Heilige Gees in staat is om siektes te onderskei, en die gedagtes van mense se harte, en ander verborge dinge wat slegs God kon weet en aan my openbaar. Ek wens julle kan saam met my staan en die gesigte van mense sien wanneer Satan weet dat hy blootgestel gaan word. Nou, dit is nie die mense waarvan ek praat nie. Dit is dat Satan 'n houvas in hulle lewens het deur sonde, onverskilligheid, en siekte. Maar julle moet hulle gesigte sien. Satan weet dat hy blootgestel gaan word, en die mees eienaardige verandering kom oor die mense se gelaat. Satan is bang. Hy weet dat die Gees van God die mense gaan vertel van sy werke. Dit is waarom hy hierdie dienste so baie haat. Wanneer name geroep word en siektes geopenbaar word, Satan haat dit. Nou wat is dit? Dit is nie gedagte lees nie, dit is nie telepatie nie, nog is dit towerkuns. Dit is 'n OPENBARING deur die Heilige Gees. Dit is die enigste manier hoe ek dit kan weet. Natuurlik sal die vleeslike gemoed dit enigiets noem behalwe die Heilige Gees.

Laat ek vir julle 'n ander rede wys waarom Satan hierdie Boek van die Openbaring van Jesus Christus haat in die kerk. Hy weet dat Jesus Christus dieselfde is gister, en vandag, en tot in ewigheid, en Hy verander nie. Hy weet dit 'n heelwat meer as negentig persent van die teoloë. Hy weet dat aangesien God onveranderlik is in Sy natuur, dan is Hy net so onveranderlik in Sy weë. Daarom weet Satan verseker dat die oorspronklike kerk by Pinkster met die krag van God (Markus 16 in aksie) is die Ware Kerk wat Jesus aanspraak maak op as Sy eie. Alles anders is vals. Dit moet wees.

Nou onthou dit. Christus in die Ware Kerk is 'n voortsetting van die Boek van Handeling. Maar die Boek van Openbaring toon hoe die antichris gees in die kerk sou inkom en dit besoedel, dit loutwarm maak, formeel en kragteloos. Dit ontbloom Satan, openbaar sy werke (poging om God se mense te verwoes en die minagting van God se woord) reg tot by die tyd wat hy in die meer van vuur gegooi word. Hy baklei dit. Hy kan dit nie staan nie. Hy weet dat as die mense die WARE OPENBARING van die WARE KERK kry en wat sy is, waarvoor sy staan en dat SY DIE GROTER WERKE KAN DOEN, dan sal sy 'n onoorwonne mag wees. As hulle 'n ware openbaring van die twee geeste kry in die raamwerk van die Christen kerk, en deur God se Gees onderskei en die antichris gees weerstaan, dan sal Satan kragteloos wees voor haar. Hy sal definitief gefnuik wees vandag soos toe Christus sy elke poging weerstaan het om krag te kry oor Hom in die woestyn. Ja, Satan haat openbaring. Maar ons het dit lief. Met ware openbaring in ons lewens, kan die poorte van die hel nie teen ons standhou nie, maar ons sal seevier oor hulle.

Julle sal onthou dat ek in die begin van die boodskap genoem het dat hierdie Boek wat ons bestudeer is die ware openbaring van Jesus, Homself, in die kerk en Sy werk in die toekomstige eeue. Toe het ek dit genoem dat dit die Heilige Gees vat om ons openbaring te gee anders sal ons faal om dit te kry. As ons hierdie twee gedagtes saam sit sal julle sien dat dit nie net gewone studie en denkwys sal neem om hierdie Boek werklik te maak nie. Dit gaan die werk van die Heilige Gees neem. Dit beteken dat hierdie Boek nie geopenbaar kan word aan enigeen behalwe 'n spesiale klas mense nie. Dit sal een met profetiese begrip vat. Dit sal eis dat jy die vermoë het om van God te hoor. Dit sal bonatuurlike instruksie eis, nie net 'n student wat vers met vers vergelyk nie, hoewel dit goed is. Maar 'n geheim vereis die leer van die Gees of anders sal dit nooit heeltemal duidelik wees nie. Hoe ons nodig het om van God te hoor en onself oop te lê en toe te gee aan die Gees om te hoor en te weet.

Soos ek alreeds gesê het, hierdie Boek (Openbaring) is die voleinding van die Skrifte. Dit is geplaas presies reg in die beginsel van die Skrif; teen die einde. Nou kan julle weet waarom dit sê dat enigeen wat dit lees of hoor is geseënd. Dit is die openbaring van God wat jou die mag oor die duiwel sal gee. En julle kan sien waarom hulle wie sou byvoeg of daarvan wegneem sou vervloek wees. Dit sou so moes wees, wie kan byvoeg of wegneem van die volmaakte openbaring van God en die vyand oorwin? Dit is so

eenvoudig. Daar is niks met sulke triomfanklike krag soos die openbaring van die Woord nie. Kyk, in vers drie word 'n seëning uitgespreek aan diegene wat spesiale aandag aan hierdie Boek gee. Ek dink dit verwys na die Ou Testament gewoonte van die priesters wat die Woord vir die gemeente in die oggend gelees het. Sien, baie kon nie lees nie so die priester moes vir hulle lees. Solank as dit die Woord was, was die seëning daar. Dit het nie saak gemaak of dit gelees of gehoor was nie.

“Die tyd is op hande.” Die tyd was nie op hande voorheen nie. In die wysheid en ekonomie van God kon hierdie magtige openbaring (hoewel ten volle bekend aan God) nie voortkom nie. Dus kan ons dadelik 'n beginsel leer—die openbaring van God vir elke eeu kan net kom in daardie eeu, en op 'n spesifieke tyd. Kyk na die geskiedenis van Israel. Die openbaring van God aan Moses het gekom net op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis, en selfs meer spesifiek dit het gekom toe die mense na God uitgeroep het. Jesus, Self, het by die volheid van tyd gekom, Hy is die volledige Openbaring van die Godheid. En in hierdie eeu (Laodicése) sal die openbaring van God in die regte tyd kom. Dit sal nie huiwer nie, nog sal dit ontydig wees nie. Dink aan dit en let op, want ons is in die eindtyd vandag.

Die Saluut

Openbaring 1:4-6.

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle, en vrede, van Hom Wat Is, en Wat Was, en Wat Kom; en van die sewe Geeste Wat voor Sy troon is.

en van Jesus Christus, die Getrou Getuie, die Eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die Konings van die Aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed

en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Die woord, Asië is in werklikheid Klein Asië. Dit is 'n klein stukkie land omtrent die grootte van Indiana. Die sewe kerke daar was spesifiek gekies uit al die ander kerke vir hulle karaktertrekke, waarvan dieselfde karaktertrekke gevind sou word in die agtereenvolgende eeue later.

Die sewe Geeste voor die troon is die Gees Wat in elkeen van die sewe boodskappers is, wat hulle bedienings vir die eeu waarin hulle lewe gee.

Nou al hierdie uitdrukkings, 'Hy Wat Is', en 'Hy Wat Was', en 'Hy Wat Kom', en 'Getroue Getuie', en 'Eersgeborene van die Dode' en 'Prins van die Konings van die wereld', en 'Die Alpha en Omega', en 'Die Almagtige', is titels en beskrywings van die EEN EN DIESELFDE PERSOON, Wie die Here Jesus Christus is, Wie ons gewas het van ons sondes met Sy eie bloed.

Die Gees van God in Johannes getuig dus in die orde om die Opperste Godheid van Jesus Christus te openbaar en om die Godheid te openbaar as EEN God. Vandag is daar 'n groot fout. Dit is dat daar drie Gode in plaas van een is. Hierdie openbaring soos wat dit vir Johannes gegee is deur Jesus, Homself, korrigeer daardie fout. Dit is nie dat daar drie Gode is nie, maar een God met drie ampte. Daar is EEN God met drie titels, Vader, Seun, en Heilige Gees. Hierdie magtige openbaring is wat die vroeë kerk gehad het, en dit moet in hierdie laaste dag herstel word met die korrekte formule van waterdoop.

Nou die moderne teoloë sal nie saamstem met my nie want hier is iets wat in 'n groot Christen tydskrif geskryf is. “Die leerstelling (van die Drie-Eenheid) is die hart en siel van die Ou Testament. Dit is elke deel van die hart en siel van die Nuwe Testament. Die Nuwe Testament is net soveel daarteen as wat die Ou Testament is aan die gedagte dat daar meer Gode is as een. Tog die Nuwe Testament met dieselfde duidelikheid leer dat die Vader God is, en die Seun is God, en die Heilige Gees is God, en dat die drie NIE drie aspekte is van dieselfde Persoon nie, maar drie persone wat staan in 'n werklike persoonlike verhouding tot mekaar. Daar het ons die groot doktriene van die Drie Persone maar een God.”

Hulle noem ook, “God, volgens die Bybel, is nie net een persoon nie, maar Hy is drie persone in een God. Dit is die groot verborgenheid van die Drie-Eenheid”.

Dit is beslis. Hoe kan drie persone in een God wees? Nie alleen is daar nie 'n Bybel daarvoor nie, maar dit wys selfs 'n gebrek aan intelligente redenasie. Drie onderskeie persone, hoewel identiese materiaal, maak drie gode, of taal het sy algehele betekenis verloor.

Nou luister weer net na hierdie woorde, “Ek is Alfa en Oméga, die Begin en die Einde, sê die Here, Wat Is, en Wat Was, en Wat Kom, die Almagtige”. Dit is die Godheid. Dit is nie net eenvoudig 'n profeet nie, 'n man nie. Dit is God. En dit is nie 'n openbaring van drie Gode nie, maar van EEN God, die Almagtige.

Hulle het nie geglo in drie Gode in die begin van die kerk nie. Jy kan nie daardie soort van geloof onder die apostels vind nie. Dit was na die apostoliese eeu wat hierdie teorie ingekom het en regtig 'n twispunt en 'n fundamentele leerstelling geword het by die Nicaea Raad. Die doktriene van Godheid het

'n tweespalt veroorsaak in Nicaea. En van daardie breuk het daar twee uiterstes gekom. Een het in werklikheid in die aanbidding van meer, glo in drie Gode, en die ander het ingegaan in eenheid. Natuurlik het dit 'n rukkie geneem om te gebeur, maar dit het, en ons het dit reg vandag. Maar die Openbaring aan Johannes deur die Gees aan die kerke was, "Ek is die Here Jesus Christus, en ek is ALLES van dit. Daar is nie enige ander God nie." En Hy het Sy seël op hierdie Openbaring gesit.

Konsidereer dit: Wie was die Vader van Jesus? Mattheus 1:18 sê: *sy is swanger bevind uit die Heilige Gees*. Maar Jesus, Homself, het aanspraak gemaak dat God Sy Vader was. God die Vader en God die Heilige Gees, soos ons telkens hierdie terme gebruik, maak die Vader en die Gees EEN. Hulle is wel, of anders het Jesus twee Vaders gehad. Maar let op dat Jesus gesê het dat Hy en Sy Vader was Een—nie twee nie. Dit maak EEN God.

Aangesien dit histories en Skriftuurlik waar is, wonder mense waar die drie vandaan gekom het. Dit het 'n hoeksteen doktriene geword van die Nicene Raad in 325 n.C. Hierdie drie-eenheid ('n absoluut onskriftelike woord) was gebaseer op die baie gode van Rome. Die Romeine het baie gode gehad vir wie hulle gebid het. Hulle het ook gebid vir voorvaders as bemiddelaars. Dit was net 'n trappie om nuwe name vir ou gode te gee, sodat ons heiliges het om dit meer Bybels te maak. So, in plaas van Jupiter, Venus, Mars, ens., het ons Paulus, Petrus, Fatima, Christof, ens., ens. Hulle kon nie hulle heidense godsdiens laat werk met net een God nie, so hulle het Hom in drie opgebreek, en hulle het bemiddelaars gemaak van die heiliges soos hulle gemaak het van hulle voorvaders.

Van toe af het mense gefaal om te besef dat daar net een God is met drie ampe of manifestasies. Hulle weet dat daar een God is volgens die Skrif, maar hulle probeer om dit die fantastiese teorie te maak dat God soos 'n tros druiwe is; drie persone met dieselfde Goddelikheid wat eweredig gedeel word deur almal. Maar dit sê duidelik hier in Openbaring dat Jesus is "Dit Wat Is", "Dit Wat Was", en "Dit Wat Kom". Hy is die "Alfa en Oméga", wat beteken dat Hy is die "A tot Z" of DIE ALLES VAN DIT. Hy is alles—die Almagtige. Hy is die Roos van Saron, die Lelie van die Dal, die Helder- en Môrester, die Regverdige Tak, die Vader, die Seun, en die Heilige Gees. Hy is God, Almagtige God. EEN GOD.

Timotheus 3:16 sê, *En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wereld, is opgeneem in heerlijkheid*. Dit is wat die Bybel sê. Dit sê niks oor 'n eerste of tweede of derde persoon hier nie. Dit sê God is gemanifesteer in die vlees. Een God. Daardie EEN GOD was gemanifesteer in vlees. Dit behoort dit af te handel. God het in 'n menslike vorm gekom. Dit het Hom nie 'n ANDER GOD gemaak nie. HY WAS GOD, DIESELFDE GOD. Dit was toe 'n openbaring, en dit is nou 'n openbaring. Een God.

Laat ons teruggaan in die Bybel en sien wat Hy was in die begin volgens die openbaring wat Hy van Homself gegee het. Die groot Jehova het aan Israel verskyn in 'n pilaar van vuur. Soos die Engel van die Verbond het Hy gelewe in daardie vuurkolom en het Israel daagliks gelei. By die tempel het Hy Sy koms met 'n groot wolk aangekondig. Toe eendag was Hy gemanifesteer in 'n maagd gebore liggaam wat vir Hom voorberei is. Die God wat gebly het bo die tente van Israel, het nou die tent van vlees geneem en gebly as 'n man onder die mense. Maar Hy was DIESELFDE GOD.

Die Bybel leer dat GOD WAS IN CHRISTUS. Die liggaam was Jesus. In Hom het die hele volheid van die Godheid gewoon, LIGGAAMLIK. Niks kan meer eenvoudig wees as dit nie. Raaisel, ja. Maar werklike waarheid—dit kan nie eenvoudiger wees nie. So as Hy nie drie mense toe was nie, dan kan Hy nie nou drie wees nie. EEN GOD: "En hierdie selfde God was vlees gemaak.

Jesus het gesê: "Ek het van God uitgegaan en ek gaan (terug) na God". Johannes 16:27-28. Dit is presies wat gebeur het. Hy het van die aarde af verdwyn deur Sy dood, begrafnis, opstanding, en hemelvaart. Toe het Paulus Hom op die pad ontmoet na Damaskus en Hy het met Paulus gepraat en gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" Paulus het gesê: "Wie is U, Here?" Hy het gesê: "Ek is Jesus." Hy was 'n vuurkolom, 'n verblindende lig. Hy het omgedraai, presies soos Hy gesê het Hy sou. Terug na dieselfde vorm wat Hy was voor Hy 'n tent van vlees aangeneem het. Dit is presies hoe Johannes dit gesien het. Johannes 1:18 *Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, Hy het Hom verklaar*. Let op waar Johannes sê waar Jesus IS. Hy is IN die boesem van die Vader.

Lukas 2:11 sê,

"dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is".

Hy is die Christus gebore, en agt dae later toe Hy besny is was Hy genoem Jesus, net soos die engel vir hulle gesê het. Ek was gebore 'n Branham. Toe ek gebore is het hulle my die naam van William gegee. Hy was Christus maar Hy is 'n naam gegee hieronder tussen die mense. Daardie uiterlike tabernakel wat mens kon sien was Jesus genoem. Hy was die Here van die Heerlikheid, die Almagtige gemanifesteerde in vlees. Hy is God die Vader, Seun, en Heilige Gees. Hy is dit alles.

Vader, Seun, en Heilige Gees is net titels. Hulle is nie name nie. Dit is waarom ons doop in die Naam van die Here Jesus Christus, want dit is 'n naam, nie 'n titel nie. Dit is die naam van daardie titels, net soos jy 'n nuwe baba vat wat 'n seun is en hom benoem. Baba is wat dit is, die seun is die titel, dan noem jy hom, Johannes Henry Brown. Jy doop nie net in 'Naam van Jesus' nie. Daar is duisende met die naam Jesus in die wêreld en was selfs voor Jesus, ons Verlosser. Maar daar is net een van hulle wat die Christus gebore is: "Here Jesus Christus".

Mense praat van Jesus as die Ewige Seun van God. Nou is dit nie 'n teenstrydigheid nie? Wie het ooit gehoor van 'n 'Seun' wat Ewig is? Seuns het 'n begin, maar dit wat Ewig is het nooit 'n begin gehad nie. Hy is die Ewige God (Jehova) gemanifesteer in die vlees.

In Apostel Johannes se Evangelie sê dit,

In die begin was die Woord en die Woord was met God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.

Hy was die Ware en Getroue Getuie vir die Vader se Ewige Woord. Hy was 'n Profeet en kon sê wat die Vader Hom opdrag gegee het om te sê. Hy het gesê: "My Vader is in My". Dit is wat Jesus die tabernakel gesê het: "My Vader is in My".

God het baie titels: 'Ons Geregtheid', en 'Ons Vrede', en 'Ewig Teenwoordig' 'Vader', en 'Seun', en 'Heilige Gees'; maar Hy het net een vleeslike naam en die naam is Jesus.

Moenie verward wees omdat hy drie ampte of dat Hy 'n drievoudige manifestasie het nie. Op die aarde was Hy 'n Profeet; in die hemel is Hy die Priester; en wanneer Hy terugkom aarde toe, is Hy Koning van Konings. "Hy Wat Was"—Dit is Jesus, die Profeet. "Hy Wat Is"—Dit is Hy, die Hoëpriester, maak bemiddeling—Een Wie aangeraak kan word met die gevoelens van ons swakhede. "Wat Sal Kom"—Dit is die komende Koning. Op aarde was Hy die Woord—die Profeet. Moses het van Hom gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos ek, en dit sal gebeur dat as hulle nie na die woorde van daardie Profeet sal luister nie hulle afgesny sal word tussen die mense".

Let op hierdie feite oor Jesus. Op aarde was Hy Profeet, Lam, en Seun. Dit het Hom nie drie gemaak nie. Hierdie was maar manifestasies of ampte van die Een Persoon, Jesus.

Nou daar is 'n baie populêre deel van die Skrif wat die trinitariers dink hulle punt bewys van meer as een werklike Persoon in die Godheid.

Dit is Openbaring 5:6-8,

"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.

Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;

en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.

Inderdaad hierdie verse, as afgesonder, sou dit lyk of dit hulle punt bewys. Het julle opgelet, ek het gesê, hierdie GEÏSOLEERDE verse.

Hoewel, lees Openbaring 4:2-3, en 9-11,

"En dadelik was ek in die Gees: en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon.

En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos smarag.

En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

val die vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:

U is waardig, O Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape."

Let op in vers twee sê dit, "EEN" (nie twee of drie nie maar EEN) sit op die troon. In vers drie sê dit: "HY (NIE hulle) het gelyk soos jaspissteen. In die vers nege sê dit dat die lewende wesens eer gegee het aan "HOM" (nie hulle nie). In vers tien sê dit dat die oudstes neergeval het voor "HOM" (nie hulle nie). In vers elf sê dit dat hulle uitgeroep het, U is waardig O Here" (nie meervoud nie). Ook in vers elf

sê dit die EEN op die troon was die "Skepper", Wat Jesus is (Johannes 1:3), Wat Jehova-Gees-God van die Ou Testament is (Génesis 1:1).

Maar laat ons nie daar stop nie. Lees nou in Openbaring 3:21,

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het, en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het."

Lees ook Hebreërs 12:2,

"die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof; wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."

Let op dat volgens Jesus, Homself, Wat die Openbaring geskryf het, Hy sit MET die Vader. Die Gees in Paulus (Welke Gees die Gees van Christus is, want Dit is die Gees van Profesie, waardeur die Woord kom) sê Hy het gesit aan die Regter Hand van God. Maar toe Johannes gekyk het, het hy het net "EEN" op die troon gesien. En dit was nie tot Openbaring 5:6-8 (wat Openbaring 4:2-3 opvolg in tyd) dat ons die "Lam" sien wat die boek van "HOM" vat Wat op die troon gesit het, soos aangedui in Openbaring 4:2-3 en 9-10. Wat is dit? Dit is die verborgenheid van "EEN GOD." Hy (Jesus), het gekom uit God, is gemanifesteer in die vlees, het gesterf en het weer opgestaan, en teruggekeer na die "Vader se Boesem." Soos Johannes gesê het: "Die enig gebore Seun Wat IN die boesem van die Vader is, Hy het Hom verklaar." Johannes 1:18. Dit was nou tyd vir God (Messias) om terug te kom om Sy bruid te eis en Homself dan voor te stel (maak Homself bekend) aan Israel. Dus sien ons God weer voortkom om 'n fisiese voorstelling aan te neem teenoor die mens as die "Seun van Dawid, Koning van Konings en Here van die here, en Bruidegom van die Heidense Bruid." Dit is NIE "Twee" GODE nie, maar eenvoudig EEN GOD wat Sy magtige drie-enige ampte en titels openbaar.

Die mense het geweet Hy was 'n Profeet. Hulle het die teken van die Messias geken wat slegs deur die profeet kon kom. Johannes 1:44-51,

Nou Filippus was van Betsaida, die stad van Andreas en Petrus.

Filippus het Natánael gevind, en vir hom gesê, Ons het Hom gevind, van Wie Moses in die wet, en die profete, geskryf het, Jesus van Násaret, die seun van Josef.

En Natánael het vir hom gesê, Kan daar enige goeie ding uit Násaret kom? Filippus het vir hom gesê, Kom en sien.

Jesus het Natánael na Hom toe sien aankom, en vir hom gesê, Aanskou 'n Israeliet inderdaad, in wie geen bedrog is nie!

Natánael het vir Hom gesê, Vanwaar ken U my? Jesus het geantwoord en vir hom gesê, Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het ek jou gesien.

Natánael het geantwoord en vir Hom gesê: Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel.

Jesus het geantwoord en vir hom gesê, Omdat ek vir jou gesê het, ek het jou onder die vyeboom gesien, glo jy? Jy sal groter dinge sien as die.

En Hy sê vir hom, Voorwaar, voorwaar, ek sê vir jou, Hierna sal julle die hemel sien oopmaak, en die engele van God sal opvaar en neerdaal op die Seun van die Mens.

Die vermoë om die hart-gedagtes in die mens te onderskei het die uitverkore van God laat verstaan dat hierdie die Messias was, die gesalfde Woord van God.

Hebreërs 4:12,

"Want die Woord van God is lewend, en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."

Toe die vrou by die put gehoor het dat Hy die gedagtes van haar hart onderskei het sy uitgeroep dat Hy 'n gewaardeerde profeet is, en verklaar dat Messias geken sou word vir die feit.

Johannes 4:7-26,

Daar kom 'n vrou van Samaria om water te skep: Jesus sê vir haar, Gee My om te drink.

(Want Sy dissipels was weg stad toe om vleis te koop).

Toe sê die vrou van Samaria vir Hom, Hoe is dit dat U, as 'n Jood, my vra vir water, as ek 'n vrou

is van Samaria? want die Jode deel nie met die Samaritane nie.

Jesus het geantwoord en vir haar gesê, As jy die gawe van God geken het, en Wie Dit is wat vir jou sê, Gee My water om te drink; sou jy Hom gevra het, en Hy sou jou lewende water gegee het.

Die vrou sê vir Hom: Meneer, U het niks om dit mee te kry nie, en die put is diep: van waar af kry U die lewende water?

Is U groter as ons vader Jakob, wat ons die put gegee het, en homself daarvan gedrink het, en sy kinders, en sy beeste?

Jesus antwoord en sê vir haar, Wie ook al van hierdie water drink sal weer dors word:

Maar wie ook al drink van die water wat ek vir hom sal gee sal nooit dors word nie; maar die water wat ek vir hom sal gee sal in hom 'n fontein wees van water wat sal opborrel in die ewige lewe.

Die vrou sê vir Hom, Meneer, gee my hierdie water, dat ek nie dors word nie, ook nie hier hoef te skep nie.

Jesus sê vir haar, Gaan, roep jou man, en kom hiernatoe.

Die vrou antwoord en sê, ek het geen man nie.

Jesus sê vir haar, Jy het reg gesê jy het geen man nie,

Want jy het vyf mans gehad; en hy wat jy nou het is nie jou man nie; jy het die waarheid gepraat.

Die vrou sê vir Hom: Meneer, ek merk dat U 'n profeet is.

Ons vaders het in hierdie berg aanbid; en hulle sê, dat in Jerusalem is die plek waar die mens behoort te aanbid.

Jesus sê vir haar, Vrou, glo My, die uur kom, wanneer jy nog in hierdie berg, nog in Jerusalem, die Vader sal aanbid.

Julle aanbid wat julle nie weet wat nie: ons weet wat ons aanbid: want verlossing is van die Jode.

Maar die uur kom, en is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in Gees en in die waarheid sal aanbid, want die Vader soek die om Hom te aanbid.

God is 'n Gees: en hulle wat Hom aanbid moet Hom in Gees en in waarheid aanbid.

Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat Messias kom, Wat Christus genoem word: wanneer Hy kom, sal Hy vir ons alle dinge vertel.

Jesus sê vir haar, Ek wat met jou praat is Hy.

In Openbaring 15:3 sê dit,

"En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê, Groot en wonderlik is U werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!"

Sien julle dit? Die LAM, die Hoëpriester wat Sy bloed hou as 'n versoening op die genade plek vir ons sondes is die Here God Almagtig. Dit is Sy huidige amp. Dit is wat Hy nou doen, pleit Sy bloed vir ons sondes. Maar eendag sal daardie Lam die Leeu van die Stam van Juda word. Hy sal in die krag voortkom en glorie en Sy gesag neem om te heers as Koning. Hy is die komende Koning van hierdie aarde. Natuurlik, dit sê nie Hy is nie nou Koning nie. Want Hy is ons Koning, Koning van die Heiliges. Reg nou is dit 'n geestelike koninkryk. Dit is nie van hierdie wêreld sisteem nie, net soos ons nie van hierdie wêreld is nie. Dit is die rede waarom ons anders optree as die wêreld. Ons burgerskap is in die hemel. Ons reflekteer die Gees van die wêreld van ons wedergeboorte waar Jesus die Koning is. Dit is waarom ons vroue nie mans se klere dra of hulle hare sny of al die ander kosmetiese goed gebruik nie wat die wêreld so baie van hou. Dit is waarom ons manne nie drink en rook en in sonde rondgaan nie. Ons heerskappy is die heerskappy oor sonde en dit werk deur die krag wat in die Gees van Christus is wat in ons woon. Elke koninkryk op aarde gaan afgebreek word, maar ons sin sal bly.

Nou ons het gepraat oor die ampte en manifestasies van die een ware God en Sy glorie aanskou in 'n Skriftuurlike studie. Maar Hy moet nie geken word intellektueel nie. Hy word geken geestelik; deur Geestelike openbaring. Hierdie selfde Een wat bekend was as Jesus nadat die vlees teruggegaan het in die kolom van vuur. Maar Hy het belowe Hy sou weer kom en onder Sy mense woon deur die Gees. En op die dag van Pinkster het die vuurkolom afgekom en dit het opgebreek in tonge van vuur op elkeen van hulle. Wat het God gedoen? Hy het Homself verdeel in die kerk, en het al daardie manne en vroue 'n deel

van Homself gegee. Hy het Homself verdeel tussen Sy kerk net soos Hy gesê het Hy sou doen.

Johannes 14:16-23,

"n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie; en weer n klein tydjie, en julle sal My sien, omdat Ek na die Vader gaan".

Selfs die Gees van die Waarheid: Wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien nie, nog ken: maar jy ken Hom, want Hy bly in jou, en sal in jou wees.

Ek sal jou nie troosteloos los nie: Ek sal na jou toe kom.

Net 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat ek lewe, sal julle ook lewe.

In daardie dag sal julle weet dat ek in My Vader is, en julle in My, en ek in julle.

Hy wat My gebooie het, en dit hou, dit is hy wat My liefhet: my Vader sal hom wat My liefhet liefhê, en Ek sal hom liefhê, en sal Myself manifesteer aan hom.

Judas sê vir Hom, nie Iscariot nie, Here, hoe is dit dat U Uself aan ons sal manifesteer, en nie aan die wêreld nie?

Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy My woord bewaar, en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom, en by hom woning maak."

Hy het gesê dat Hy tot die Vader sou bid Wie vir hulle 'n ander gerussteller sou stuur Wat met Hulle was (die dissipels) alreeds maar NIE IN hulle nie. Dit was Christus. Dan in vers drie-en-twintig, praat Hy van Homself en die Vader, het Hy gesê ONS sal kom. Daar is dit: "Die Gees kom, Dieselfde Gees van God wat gemanifesteer is as die Vader, en as die Seun, en sal nog in baie"—EEN GOD Wat die Gees is.

Dit is waarom geen mens ooit kan sê die heilige man is 'n pous of die heilige man is 'n biskop of priester nie. Die HEILIGE MAN is Christus, die Heilige Gees, in ons. Hoe durf die hiërargie verklaar die geestelikes het geen woord te sê nie? Elkeen het iets om te sê. Elkeen het n werk, elkeen het 'n bediening. Die Heilige Gees het begin met Pinkster en het Homself verdeel op elkeen, dat dit vervul kon word wat Christus gesê het,

Op daardie dag sal julle weet dat ek in My Vader is, en julle in My en ek in julle.

Johannes 14:20.

Die Groot EK IS, die Almagtige God, het gekom as Gees om Sy ware kerk te vul. Hy het 'n reg om enige plek te beweeg wat Hy wil, en oor enigiemand wat Hy wil. Ons maak nie enige "heilige mans" onder ons nie, maar die hele ware gemeente van die Here is heilig, as gevolg van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is Hy, die Heilige Gees, wat heilig is, nie die gemeente self nie.

Nou dit is die openbaring: Jesus Christus is God. Die Jehovah van die Ou Testament is die Jesus van die Nuwe. Maak nie saak hoe hard jy probeer nie, jy kan nie bewys dat daar DRIE Gode is nie Maar dit neem ook 'n openbaring deur die Heilige Gees om jou die waarheid te laat verstaan dat Hy is Een. Dit neem 'n openbaring om te sien dat die Jehovah van die Ou Testament is die Jesus van die Nuwe. Satan het in die kerk ingekruip en die mense verblind vir hierdie waarheid. En toe hulle verblind is daarvoor, was dit nie lank voor die Kerk van Rome gestop het om in die Naam van die Here Jesus Christus te doop nie.

Ek erken dat dit 'n ware openbaring neem van die Heilige Gees om die waarheid te sien oor die Godheid in hierdie dae wanneer ons in die middel van soveel afgedwaalde Skrifte is. Maar die triomfanklike, oorheersende kerk is op openbaring gebou so ons kan verwag dat God Sy waarheid aan ons openbaar. Hoewel, jy het werklik nie 'n openbaring nodig oor die waterdoop nie. Dis net daar en staar jou in die gesig. Sal dit moontlik wees vir een minuut vir die apostels om om die bos gelei te word van 'n direkte opdrag van die Here om te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en dan hulleself te vind in ongehoorsaamheid? Hulle het geweet wat die Naam was, en daar is nie een plek in die Skrif waar hulle enige ander manier gedoop het as in die Naam van Here Jesus Christus nie. Gesonde verstand sou vir jou sê dat die Boek van Handeling is die kerk in aksie, en as hulle so gedoop het, dan is dit die manier om te doop. Nou as julle dink dit is sterk, wat dink julle hiervan? Enigeen wie nie gedoop is in die Naam van die Here Jesus nie moes weer gedoop word.

Handeling 19:1-6: *"En terwyl Apollos in Korinthe was, het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Efese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. Daarop se Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk*

gese dat hulle moes glo in die Een wat na hom kom, dit is in Christus Jesus. En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer.” Daar is dit. Hierdie goeie mense in Efese het gehoor van die komende Messias. Johannes het gepreek oor Hom. Hulle is gedoop tot bekering van sonde, het VERDER gekyk en geglo aan Jesus. Maar nou was dit tyd om TERUG te kyk na Jesus en gedoop te word tot VERGIFNIS van sonde. Dit was tyd om die Heilige Gees te ontvang. En toe hulle gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus, het Paulus sy hande op hulle gelê en die Heilige Gees het op hulle neergedaal.

O, daardie dierbare mense by Efese was goeie mense; en as enigeen 'n reg gehad het om veilig te voel, het hulle. Let op hoe ver hulle gekom het. Hulle het sover gekom om die komende Messias te aanvaar. Hulle was gereed vir Hom. Maar sien julle nie dat ten spyte van dit het hulle Hom gemis? Hy het gekom en gegaan. Hulle het nodig gehad om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus Christus. Hulle het nodig gehad om gevul te wees met die Heilige Gees.

As jy gedoop is in die Naam van die Here Jesus Christus, sal God jou met Sy Gees vul. Dit is die Woord.

Handelinge 19:6 wat ons gelees het was die vervulling van Handelinge 2:38,

Bekeer julle, en word gedoop elke een van julle in die Naam van Jesus Christus vir die vergifnis van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Sien, Paulus, deur die Heilige Gees, het gesê presies wat Petrus gesê het deur die Heilige Gees. En wat gesê is KAN NIE verander word nie. Dit moet dieselfde wees van Pinkster tot die laaste uitverkore een gedoop is.

Galasiërs 1:8,

Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!

Nou party van julle Oneness mense doop verkeerd. Julle doop vir wedergeboorte asof om in water onderdompel te word jou red. Wedergeboorte kom nie deur water nie; dit is 'n werk van die Gees. Die man wat deur die Heilige Gees die bevel gegee het, “Bekeer en word elke een gedoop in die Naam van die Here Jesus,” het nie gesê dat water wedergebore nie. Hy het gesê dit was net 'n bewys van 'n “goeie gewete jeens God.” Dit was al.

Petrus 3:21,

waarvan die teebeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete-deur die opstanding van Jesus Christus.”

Ek glo dit.

As enigiemand enige valse idees het dat geskiedenis water doop kan bewys in enige ander manier as in die Naam van die Here Jesus Christus, sou ek jou aanraai om die geskiedenis te lees en vir jouself uit te vind. Die volgende is 'n ware opname van 'n Doop wat in Rome 100 n.C plaasgevind het, en was weergegee in TIME Tydskrif Desember 5, 1955. “Die diaken het sy hand opgelig, en Publius Decius het deur die doopbad se deur gestap. Staande half lyf in die bad was Marcus Vasca die hout verkoper. Hy het geglimlag vir Publius wat ploeter in die bad langs hom. 'Credis? het hy gevra. 'Credo,' het hy geantwoord. Ek glo dat my verlossing kom van Jesus die Christus, Wat gekruisig is onder Pontius Pilatus. Met Hom het ek gesterf sodat ek met Hom die Ewige Lewe het.' Toe het hy sterk arms om hom gevoel om hom te ondersteun soos hy homself terug laat val het in die bad, en Marcus se stem gehoor het in sy oor—'Ek doop jou in die Naam van die Here Jesus'—soos die koue water oor hom toegemaak het.”

Reg tot die waarheid verloor is (en nie teruggekeer het tot hierdie laaste eeu nie—hierdie is van Nicaea tot die draai hierdie laaste eeu) het hulle gedoop in die Naam van die Here Jesus Christus. Maar dit het teruggekom. Satan kan nie die openbaring weghou wanneer die Gees dit wil gee nie.

Ja, as daar drie Gode was, dan kan jy wel doop vir 'n Vader, en 'n Seun, en 'n Heilige Gees. Maar die OPENBARING WAT AAN JOHANNES GEGEE IS was dat daar EEN GOD is en sy naam is HERE JESUS CHRISTUS, en jy doop vir EEN God en net een. Dit is waarom Petrus so gedoop het soos wat hy gedoen het by Pinkster. Hy moes getrou wees aan die openbaring en dit was: “Laat die hele huis van Israel voorwaardelik weet, dat God daardie SELFDE JESUS gemaak het, Wie julle gekruisig het, beide HERE EN CHRISTUS.” Daar is Hy: “Die HERE JESUS CHRISTUS.”

As Jesus 'BEIDE' Here en Christus is, dan is Hy (Jesus), en kan nie anders wees as “Vader, Seun, en Heilige Gees” nie in EEN persoon gemanifesteer in die vlees. Dit is NIE “God in drie persone, geseënde drie-eenheid nie,” maar EEN GOD, EEN PERSOON met drie groot titels, met drie ampte wat daardie titels

manifesteer. Hoor dit nog een keer. Hierdie selfde Jesus is "BEIDE Here en Christus." Here (Vader) en Christus (Heilige Gees) is Jesus, want Hy (Jesus) is beide van hulle (Here en Christus).

As dit ons nie die ware openbaring van die Godheid wys nie, sal niks nie. Here is NIE 'n ander een nie; Christus is nie 'n ander een nie. Hierdie Jesus is die Here Jesus Christus—EEN GOD.

Filippus het eendag vir Jesus gesê: "Here, toon ons die Vader en dit sal ons tevrede stel." Jesus het vir hom gesê: "Was Ek so lank saam met jou en jy ken My nie? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien, so waarom sê jy, Wys ons die Vader? Ek en My Vader is Een." Ek het dit eenmaal aangehaal en 'n vrou het gesê: "Net 'n oomblik, Mnr. Branham, jy en jou vrou is een."

Ek het gesê: "Nie daardie soort nie."

Sy het gesê: "Verskoon my?"

Ek het vir haar gesê: "Sien jy my?"

Sy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Sien jy my vrou?"

Sy het gesê: "Nee."

Ek het gesê: "Dan is daardie eenheid 'n ander soort, want Hy het gesê, wanneer jy My sien, sien jy die Vader."

Die profeet het gesê dat dit lig sou wees in die aandtyd. In die lied is dit geskrywe:

"Dit sal lig wees in die aandtyd,
Die pad na die heerlijkheid sal julle sekerlik vind,
In die kanaal, dis die lig vandag,
Begrawe in die dierbare Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer van al jou sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom.
Die aandlig het gekom—
Dit is 'n feit dat God en Christus een is."

Nie te lank gelede nie het ek met 'n Joodse Rabbi gepraat. Hy het vir my gesê: "Julle Heidene kan nie God in drie stukke sny en Hom vir 'n Jood gee nie. Ons weet beter as dit."

Ek het vir hom gesê: "Dis net so Rabbi, ons sny God nie in drie stukke nie. Julle glo die profete, nie waar nie?"

Hy het gesê: "Sekerlik ek glo."

"Glo jy Jesaja 9:6?"

"Ja."

"Wie het die profeet van gepraat?"

"Messias."

Het ek gesê: "Watter familie sal Messias wees van God?"

Hy het gesê: "Hy sal God wees."

Ek het gesê: "Dis reg." Amen.

Jy kan nie God in drie persone plaas of drie dele nie. Jy kan nie vir 'n Jood sê dat daar 'n Vader, en 'n Seun, en 'n Heilige Gees is nie. Hy sal vir jou baie vinnig sê waar daardie idee vandaan gekom het. Die Jode weet dat hierdie leerstelling by die Nicene Raad begin is. Geen wonder hulle noem ons heidene nie.

Ons praat oor 'n God wat nie verander nie. Die Jode glo dit ook. Maar die kerk het sy onveranderlike God verander van EEN na DRIE. Maar die lig keer weer terug in die aandtyd. Hoe treffend is dit dat hierdie waarheid gekom het in die tyd wanneer die Jode na Palestina terugkeer. God en Christus is EEN. Hierdie Jesus is BEIDE HERE EN CHRISTUS.

Johannes het die openbaring gehad, en JESUS was die Openbaring, en Hy het Homself gewys reg hier in die Skrif—"EK IS Hy Wat Was, Wat Is en Sal Kom, die Almagtige. Amen."

As openbaring buite jou verstand is, kyk op en soek God daarvoor. Dit is die enigste manier waarop jy dit ooit gaan kry. 'n Openbaring moet van God af kom. Dit kom nooit deur die mens, natuurlike begiftiging nie, maar deur Geestelike gawe. Jy kan selfs die Skrif memoriseer, en hoewel dit wonderlik is,

dit sal nie dit doen nie. Dit moet 'n openbaring wees van God. Dit sê in die Woord dat geen man kan sê dat Jesus die Christus is nie tensy deur die Heilige Gees. Jy moet die Heilige Gees ontvang en dan, en net dan, kan die Gees jou die openbaring gee dat Jesus die Christus is: God, die Gesalfde Een.

Geen mens ken die dinge van God nie behalwe die Gees van God en hom aan wie die Gees van God dit openbaar. Ons het nodig om God te vra vir openbaring meer as enigiets anders in die wêreld. Ons het die Bybel aanvaar, ons het die groot waarhede daarvan aanvaar, maar dit is steeds nie werklik vir meeste van die mense nie omdat die openbaring deur die Gees nie daar is nie. Die Woord is nie lewend gemaak nie. Die Bybel sê in II Korinthiërs 5:21 dat ons die geregtigheid van God geword het deur ons verbintenis met Jesus Christus. Het julle dit gekry? Dit sê dat ONS IS DIE REGVERDIGHEID VAN GOD HOMSELF deur IN CHRISTUS te wees. Dit sê dat Hy (Jesus) SONDE vir ons geword het. Dit sê nie Hy het sondig geword nie, maar het SONDE geword vir ons dat deur ons verbintenis met Hom ons die geregtigheid van God mag word. As ons die feit aanvaar (en ons moet) dat Hy het letterlik SONDE geword vir ons deur 'n plaasvervanger te wees, dan moet ons ook die feit aanvaar dat ons deur ons verbintenis met Hom die PRESIESE REGVERDIGHEID word van God. Om een te verwerp is om die ander te verwerp. Om die een te aanvaar is om die ander te aanvaar. Nou ons weet die Bybel sê dit. Dit kan nie ontken word nie. Maar die openbaring daarvan is verlore. Dit is nie werklik vir die meerderheid van God se kinders nie. Dit is net 'n goeie vers in die Bybel. Maar ons het nodig dat dit LEWENDIG vir ons gemaak word. Dit sal openbaring vat.

Laat my net iets hier sê wat jou beide sal verstom en jou help. Daar is skaars 'n student wat nie glo dat die Nuwe Testament oorspronklik in die Griekse taal was nie. Al ons groot Bybel studente het gesê dat God die wêreld drie groot nasies gegee het met drie groot bydraes ter wille van die Evangelie. Hy het die Grieke gegee wat 'n universele taal gegee het. Hy het vir ons die Jode gegee wat ons die ware godsdiens en ware kennis van God gegee het deur die Verlosser. Hy het vir ons die Romeine gegee wat ons 'n verenigde ryk gegee het met die wet en 'n stelsel van roetes. Dus het ons ware godsdiens, die taal om dit aan baie mense oor te dra, en die regering en paaie om dit fisies te versprei. En geskiedkundig gesproke lyk dit om presies reg te wees. En vandag sê ons Griekse geleerdes dat die Griekse taal van die Bybel dae is so perfek en presies dat as die student van die Grieks 'n beskaafde en akkurate grammatikus is dan kan hy werklik weet presies wat die Nuwe Testament Woord leer.

Maar is dit nie net 'n teorie nie? Is dit waar? Is dit nie so dat elke Griekse skolier van roem van een of ander denominasie en 'n ander student van 'n ander denominasie debatteer nie, en is dit nie so dat hulle argumente gebaseer is op identiese Griekse woorde en identiese reëls van grammatika nie? Dit is beslis hoe dit is. Selfs terug daar in die Pergamean Eeu, net voor die Nicaea Raad van 325 was daar twee prominente studente, Arius en Athanasius wat in 'n doktriene stryd was oor 'n Griekse woord. So intens en so wêreldwyd het hulle debat geword dat die geskiedkundiges gesê het die wêreld was verdeel oor 'n diftong (die klank van twee klinkers in 'n lettergreep.)

Nou as die Griek so volmaak is, en so georden is van God, waarom was daar so 'n dispuut? Sekerlik God het nie bedoel dat ons almal Grieks ken nie? Nog vandag het ons argumente oor die Grieks. Neem byvoorbeeld die boek, "Christ's Paralyzed Church X-rayed" deur Dr. McCrossan. Daarin sit hy uiteen verskillende aanhalings van baie welbekende Griekse grammatikuste, en bewys tot sy eie satisfaksie dat die onveranderlike reëls van Griekse grammatika bewys oortuigend dat die Bybel mens leer dat mens gedoop word met die Heilige Gees na wedergeboorte. Hy meld ook dat vroue die preekstoel kan oorneem omdat die woord profeteer beteken om te preek. Maar het hy ander studente van die Grieke oorreed wat net so bekwaam is as wat hy is? Nooit. Al wat julle hoef te doen is lees oor hulle wat teenoorgestelde sienings het en hoor hulle geleerde aanhalings.

Nie alleen is dit wat ek nou net gesê het waar nie, maar laat ons 'n tree verder gaan. Vandag het ons 'n paar studente wat daarop aanspraak maak dat die oorspronklike manuskripte in die Aramees geskryf is wat die taal van Jesus en die mense van Sy dag was. Hulle maak aanspraak dat die mense nie gepraat en geskryf het in Grieks wat oor die algemeen aangeneem is nie. En die feit is ons geskiedkundiges is verdeel oor dit. By voorbeeld, Dr. Schonfield, 'n mees briljante student het deur navorsing tot sy satisfaksie bewys dat die Nuwe Testament geskryf was in die landstaal van die Grieks sprekende mense van daardie dag. Hy bou 'n goeie saak vir sy mening, gebaseer op die verskillende dokumente tot sy beskikking. Maar 'n ander welbekende student, Dr. Lamsa, is oortuig dat die Nuwe Testament was geskryf in die Aramese taal en hy het niemand anders as die briljante geskiedskrywer, Toynbee, om die twis te staaf dat die Aramees, en nie die Grieks die taal van die mense was, so dit lyk moontlik dat die Nuwe Testament eerste in Aramees geskryf was.

Hoewel, voor ons te besorg raak oor dit, laat ons nou die King James Bybel lees en die vertaling deur Dr. Lamsa. Tot ons satisfaksie vind ons die woorde in beide verbasend dieselfde sodat daar werklik geen verskil is in inhoud of doktriene nie. Ons mag hieruit aflei dat God hierdie nuwe manuskripte toegelaat het en onlangse publikasies van alreeds bekende skrifte om te voorskyn te kom om dit wat ons reeds het te bekragtig. En ons vind dat alhoewel die vertalers met mekaar verskil, verskil skrifte nie.

Nou kan jy sien dat jy nie interpretasie kan baseer op studente se diep kennis van die taal waarin die Bybel geskryf is nie. Maar as jy steeds dit nie kan sien nie omdat jy versluier is in jou gemoed deur tradisie, hier is een laaste illustrasie. Niemand kan twyfel wat die Skrifgeleerdes en die Fariseërs en die groot geleerdes van die jaar 33 n.C. geweet het die presiese wette en grammatika en die presiese mening van die woorde waarin die Ou Testament geskryf was; maar vir al hulle voortreflike kennis het hulle die openbaring gemis van God se beloofde Woord gemanifesteer in die Seun. Daar was Hy uiteen gesit van Génesis tot Maleági, met hoofstukke toegewy aan Hom en Sy bediening, en tog behalwe vir n paar wat verlig is deur die Gees, het hulle Hom geheel en al gemis.

Ons kom nou tot die gevolgtrekking, soos ons alreeds gevind het in die Woord. Soveel as wat ons glo om te probeer om die oudste en die beste manuskripte te kry om die beste rekord van die Woord te kry, ons sal nooit die ware betekenis daarvan kry deur studie en vergelyking van skrifte nie, hoe opreg ons ookal mag wees. DIT SAL 'N OPENBARING VAN GOD NEEM OM DIT UIT TE BRING. DIT IS PRESIES WAT PAULUS GESÊ HET, "WELKE DINGE ONS OOK PRAAT, NIE IN WOORDE WAT MENS SE WYSHEID LEER NIE, MAAR WAT DIE HEILIGE GEES LEER." 1 Kor. 2:15. Die ware openbaring is God wat Sy eie Woord interpreteer deur te bevestig wat belowe is.

Nou moenie dat enigiemand mislei word deur wat ek gesê het nie en dink dat ek nie glo in die akkuraatheid van die Woord soos ons dit nou het nie. Ek glo dat hierdie Bybel akkuraat is. Jesus het die Ou Testament bekragtig toe Hy hier op aarde was en dit is saamgestel presies net soos ons Nuwe Testament. Moenie 'n fout maak daaromtrent nie, ons het die onfeilbare Woord van God vandag en geen mens durf daarvan wegvat of byvoeg nie. Maar ons het dieselfde Gees nodig wat dit gegee het, om dit vir ons te leer.

O, hoe het ons openbaring nodig deur die Gees. Ons het nie 'n nuwe Bybel nodig nie, ons het nie 'n nuwe vertaling nodig nie, hoewel sommige baie goed is, en ek is nie teen hulle nie, MAAR ONS HET DIE OPENBARING VAN DIE GEES NODIG En dank God, ons kan hê wat ons nodig het, want God wil Sy Woord aan ons openbaar deur Sy Gees.

Mag God deur Sy Gees begin om vir ons aanhoudende lewende en oorwinende openbaring te gee. O, as die kerk maar net 'n vars openbaring kon kry en daardeur die lewende Woord manifesteer word, ons sal groter werke doen en God ons Vader in die hemel verheerlik.

Los gemaak van Sonde

Openbaring 1:5,

"Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy eie bloed."

Die woord "gewas" is eintlik "losgemaak"—"ons Losgemaak van ons sondes in Sy eie bloed." Is dit nie wonderlik nie? Maar is julle geestelik verstandig? Het julle dit gesnap? Dit was Sy EIE bloed wat ons heeltemal losgemaak het van ons sondes. Dit was nie menslike bloed nie. Dit was die bloed van God. Petrus het dit die bloed van Christus genoem. Paulus het dit die bloed van die Here genoem, en die bloed van Jesus. Nie drie persone nie, maar EEN persoon. Daar is die openbaring weer, EEN God. Daardie almagtige Jehova God het afgekóm en Homself 'n liggaam gemaak deur die maagdelike geboorte en daarin gewoon, dat dit die bloed van God mag wees wat ons sou bevry (heeltemal losmaak) van ons sondes en ons vertoon vlekloos voor Homself met oortreffende groot vreugde.

Wil julle graag 'n Ou Testament tipe hê? Laat ons teruggaan na die Tuin van Eden. Toe die eerste nuus in glorie gekóm het dat die seun, Adam, verlore is, het God 'n engel gestuur? Het Hy 'n seun gestuur? Het Hy nog een soos aan ons gestuur? Nee, Hy het HOMSELF gestuur om daardie verlore seun te verlos. Halleluja! God het nie Sy plan van verlossing aan enige ander toevertrou nie. Hy het net Homself vertrou. God het vlees geword en onder ons gewoon en het ons verlos tot Homself. Ons is gered deur die "bloed van God". Die Ewige God het gebly in 'n menslike liggaam om sonde weg te vat. Hy het die Lam geword om Sy bloed te stort en om versluier te word daarmee.

Oorweeg die. Aangesien dit die bloed van God is, is dit volmaakte bloed; en as die volmaakte bloed ons uit die krag en gebondenheid en besoedeling van sonde losmaak, dan is die losmaak volmaak en volledig. Daar is nou derhalwe geen veroordeling nie.

"Wie sal enigiets lê op die aanklag van God se uitverkore? Dit is God wat verdedig (verklaar ons regverdig). Wie is hy wat veroordeel? Dit is Christus wat gesterf..."

Romeine 8:33-34.

Daar is dit, Sy dood het ons die bloed gegee. Die bloed het ons losgemaak. Daar is nou geen veroordeling nie. Hoe kan daar wees? Daar is niks om veroordeel te word nie, want die bloed het ons van sonde losgemaak. Ons is vry, onskuldig. Moenie na die mens luister nie, luister na die Woord. Jy is verlos deur die bloed.

Nou moenie weer vasgemaak word deur tradisies en leerstellings en organisasies nie. Moenie verdwaal deur te luister na diegene wat die krag van die Woord ontken en ontken dat Jesus red, genees, vul met die Heilige Gees en krag nie. Julle is God se vry mense, verlos deur Sy eie bloed. As jy steeds jou geloof hou op leerstellings en denominasies, is dit seker deur die bewyse dat jy jou geloof verloor het in die Woord.

Konings En Priesters

Openbaring 1:6,

"en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen."

"Hy het ons gemaak!" O, daar is sekere waarhede wat ons nodig het om te beklemtoon. Die is een van hulle. HY! HY HET ONS GEMAAK! Verlossing is Sy doenigheid. Verlossing is van die Here. Al die genade. Hy het ons met 'n doel verlos. Hy het ons met 'n doel gekoop. Ons is konings, geestelike konings. O, ons gaan konings wees op die aarde met Hom wanneer Hy op Sy troon sit. Maar nou is ons geestelike konings en ons heers oor 'n geestelike koninkryk.

Dit sê in Romeine 5:17,

"Want as ten gevolge van die misdaad van die een die dood geheers het deur die een, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Een, Jesus Christus."

En in Kolossense 1:13,

"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk (heerskappy) van die Seun van sy liefde,"

Ons regeer nou met Christus, omdat ons heerskappy het oor sonde, die wêreld, die vlees, en die duiwel. Vertoon Sy lof en heerlijkheid; vertoon HOMSELF, want dit is Christus in ons, wil en doen vir Sy goeie plesier. Ja, inderdaad, selfs nou sit ons in hemelse plekke in Christus Jesus.

"En het ons priesters gemaak." Ja, priesters vir Hom, wat geestelike lof offer van geheiligde lippe. Gee ons lewens as 'n soet offerhande vir Hom. Aanbid Hom in Gees en in die waarheid. Pleit en versoek. Priesters en konings vir ons God. Geen wonder die wêreld het geen aantrekkingskrag vir ons nie en ons is vreemde mense ywerig vir goeie werke. Ons is herskep in Hom om kinders te wees soos tot ons Vader.

Die Koms van God

Openbaring 1:7,

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstee het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, Amen!

Hy kom. Jesus gaan kom. God gaan kom. Die Profeet gaan kom. Die Priester en Koning kom. Die ALLES in ALLES gaan kom. Selfs so, Here Jesus, kom gou. Amen.

Hy gaan kom. Hy kom in wolke, wolke van glorie soos toe Hy gesien is op die Berg van Verheerliking, en Sy klere het geskyn soos die krag van God Hom omvou het. En ELKE oog sal Hom sien. Dit beteken dit is nie die Wegraping nie. Dit is wanneer Hy kom om Sy regmatige plek in te neem as die Wêreld Heerser. Dit as wanneer die wat Hom deurboor het met hulle geloofsbelydenisse en denominasionele doktrienes sal rou, en al die mense sal weeklaag in angs want dis Hy wat die Woord is.

Dit is die openbaring storie van Sagaria 12:9-14. Sagaria het dit geprofeteer omtrent 2500 jaar gelede. Dit is net omtrent tyd om te gebeur. Luister.

En dit sal gebeur in daardie dag, dat ek sal soek om al die nasies te vernietig wat teen Jerusalem kom.

En ek sal uitstort op die huis van Dawid, en op die inwoners van Jerusalem, die Gees van genade en van smeking: en hulle sal na My kyk Wie hulle deurboor het....

Nou, wanneer sal die Evangelie na die Jode terugkeer? Wanneer die dag van die Heidene verby is. Die Evangelie is gereed om terug te gaan na die Jode. O, as ek net vir julle iets kon sê wat omtrent reg is om te gebeur in hierdie ons dag. Hierdie groot ding wat reg is om te gebeur sal oorgaan na Openbaring 11 en daardie twee getuies optel, daardie twee profete, Moses en Elía, wat die Evangelie terug na die Jode sal draai. Ons is gereed daarvoor. Alles is in orde. Soos die Jode die boodskap gebring het na die Heidene, selfs so sal die Heidene dit reg na die Jode toe neem, en die Wegraping sal kom.

Nou, onthou wat ons gelees het in Openbaring en Sagaria. Hulle albei kom net na die verdrinking. Die Kerk van die Eers-geborene sal nie deur die verdrinking gaan nie. Ons weet dit. Die Bybel leer dit.

Op daardie tyd sê dit dat God Sy Gees gaan uitstort op die huis van Israel. Dit is dieselfde Gees wat op die Heidene uitgestort is, in hulle dag. "En hulle sal na My kyk Wie hulle deurboor het, en hulle sal vir Hom rou, soos een wat rou vir sy enigste seun, en hulle sal in bitterheid wees vir Hom, soos een wat bitter is vir sy eers-geborene. In daardie dag sal daar 'n groot rou klaag in Jerusalem wees, soos die rou van Hadad-rimmon in die vallei van Megiddon. En die land sal rou, elke familie afsonderlik; die familie van die huis van Dawid afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die familie van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik..." en elkeen van die huise afsonderlik wanneer Hy in wolke van glorie kom met Sy Tweede Koms. Daardie Jode wat Hom deurboor het sal Hom sien soos dit sê in 'n ander Skrif, "Waar het U daardie wonde gekry?" en Hy sal sê: "In die huis van My vriende." Nie net sal dit 'n rou tyd wees vir die Jode wat Hom verwerp het as Messias nie, maar dit sal 'n rou tyd wees vir diegene van die Heidene wat Hom verwerp het as die Verlosser van hierdie dag.

Daar sal 'n huil en ween wees. Die slapende maagde sal ween. Hulle verteenwoordig die kerk wat geweier het om olie te kry (simbool van die Heilige Gees) in hulle lampe (simbool van die liggaam of houër van die olie) tot dit te laat was. Dit was nie dat hulle nie goeie mense was nie. Hulle was maagde en dit verteenwoordig 'n hoë morele patroon. Maar hulle het nie olie in hulle lampe gehad nie, so hulle was uitgedryf waar daar gehuil en gekners van tande was.

Laat ons dit als tipieer in Génesis, hoofstuk 45, waar Josef sy broers in Egipte ontmoet en homself aan hulle openbaar. Genesis 45:1-7, *Toe kon Josef hom nie bedwing voor almal wat by hom gestaan het nie en hy roep: Laat almal van my af weggaan! En daar het niemand by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend gemaak het nie. Daarop bars hy in trane uit sodat die Egiptenaars en ook die huis van Farao dit gehoor het. En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom. Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het. Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou het God my voor julle uitgestuur. Want daar is nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie. Maar God het my voor julle uitgestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.*

Nou vergelyk dit nie pragtig met Sagaria 12 nie? Deur die twee saam te sit is ons verplig om dit presies reg te kry.

Toe Josef baie jonk was, was hy gehaat deur sy broers. Waarom was hy gehaat deur sy broers? Dit was omdat hy Geestelik was. Hy kon nie help om daardie visioene te sien nie, nog kon hy help om drome te droom en te interpreteer. Dit was in hom. Hy kon nie enigiets anders vertoon behalwe wat in hom was nie. Daarom, toe sy broers hom gehaat het was dit sonder rede. Maar hy was die geliefde van sy vader. Sy vader was 'n profeet en het verstaan. Dit maak 'n volmaakte tipe van Christus. God die Vader het sy seun liefgehad, maar die broers (skrifgeleerdes en Fariseërs) het Hom gehaat omdat Hy die siekes kon genees, wonderwerke kon doen en die toekoms voorspel, visioene sien en hulle interpreteer. Dit was nie 'n rede om Hom te haat nie maar hulle het, en soos Josef se broers, het hulle Hom gehaat sonder 'n rede.

Nou onthou hoe daardie seuns van Jakob Josef behandel het. Hulle het hom in 'n put gegooi. Hulle het sy jas van baie kleure geneem wat sy vader vir hom gegee het en dit gedoop in bloed om sy vader te laat dink dat die seun doodgemaak is deur 'n dier. Hulle het hom verkoop aan slawedrywers wat hom na Egipte geneem het, en daar was hy verkoop aan 'n generaal. Die generaal se vrou het hom valslik laat opsluit, maar na 'n tyd het sy bekwaamheid as 'n profeet hom gebring na die aandag van Farao en hy is verhoog as die regterhand van Farao met soveel outoriteit dat niemand toegang kon kry tensy hy eers deur Josef gesien is nie.

Nou laat ons kyk na die lewe van Josef terwyl hy in Egipte was, want dit is hier wat ons hom sien as die volmaakte tipe van Christus. Terwyl hy in die huis van die generaal was is hy vals beskuldig, gestraf en in die tronk gesit sonder rede, net soos hulle gedoen het met Jesus. Daar in die tronk het hy die droom van die dienskneg en die bakker wat saam met hom was geïnterpreteer. Die dienskneg se lewe is teruggegee, maar die ander een is veroordeel tot die dood. Christus is op die kruis gevonniss, verlaat deur God en mens. Die ander kant van Hom was 'n dief—een het gesterf, geestelik, maar die ander is lewe gegee. En let op, toe Jesus van die kruis afgehaal is, is Hy verhewe in die hemel en sit nou aan die regterhand van die groot Gees van Jehova; en geen mens kan na God toe kom nie behalwe deur Hom. Daar is EEN tussenganger tussen God en die mens, en Hy is alles wat jy nodig het. Daar is geen Marias of heiliges nie, net Jesus.

Soos ons nou aanhou met hierdie tipe wat ons in Josef vind, let op hoe alles in Egipte floreer het. Sy

eerste werk by die generaal het floreer. Tot in die tronk het dit floreer. Wanneer Jesus terugkeer, sal die woestyn soos 'n roos blom. Hy is die "Seun van Voorspoed." Soos geen eeu ooit floreer het soos die een onder Josef nie, so sal daar 'n tyd van sulke seëning kom op hierdie aarde soos die wêreld nooit geken het nie. Elkeen van ons kan sit onder ons eie vyeboom en lag en juig en vir altyd lewe in Sy teenwoordigheid. In Sy teenwoordigheid is volheid van vreugde en aan Sy regterhand is daar genot vir altyd. Prys God.

Nou let op, dat oral waar Josef gegaan het het hulle 'n basuin geblaas om sy koms aan te kondig. Die mense het geskree: "Buig die knie vir Josef!" Maak nie saak wat 'n man gedoen het nie, as daardie basuin weerklink het hy sy knie gebuig. Hy kon iets op die straat verkoop het, net besig om sy geld te kry, maar hy moes stop en die knie buig as daardie basuin geblaas het. As hy selfs 'n akteur of speler was, sou hy sy toertjie moes stop en die knie buig vir Josef as die basuin geblaas word om sy teenwoordigheid te verkondig. En een van hierdie dae sal alles in die tyd stil staan wanneer die basuin van God sal weerklink, en die dooies in Christus sal opstaan en die dag sal breek ewig blink en skoon. Alles sal dan die knie buig, want dit is geskrywe,

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is,

sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,

en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader.

Filippense 2:9-11.

Maar let op 'n ander glorieryke openbaring in hierdie staat van Josef. Josef, terwyl hy in Egipte was, was 'n Heidense bruid aan hom gegee en deur haar het hy 'n familie van twee seuns gehad, Ephraim en Manasseh. Josef het sy vader gevra om die twee seuns te seën. Hy het hulle voor Jakob geplaas sodat Manasseh, die eersgeborene aan Jakob se regterkant sou wees en Efraim aan die linkerkant. Terwyl Jakob reg maak om hulle te seën het hy sy hande oorkruis sodat die regte hand op die jonger geval het. Josef het uitgeroep: "Nie so nie, vader, dit is die eersgeborene aan jou regterkant." Maar Jakob het gesê: "God het my hande oorkruis." Hier in tipe sien ons dat die seëning wat aan die eersgeborene behoort het (die Jood) is aan die jonger een gegee (die Heiden) deur die kruis (gekruisde hande) van die Here Jesus Christus. Die seëning kom deur die kruis. Galásiërs 3:13-14: *Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word-want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang-sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.* Die seëning van Abraham het gekom deur die kruis na die Heidene. Die Jode het die kruis verwerp; daarom, het Jesus die Heiden bruid gekry.

Nou om terug te kom na die storie van Josef en sy broers. Onthou julle dat nie al die broers gegaan het nie. Josef het dit geweet en het daarop aangedring dat al sy broers voor hom moet verskyn, anders kon hy nie homself aan hulle bekend maak het nie. Uiteindelik het hulle die een gebring wat ontbreek het, klein Benjamin. Dit was die klein Benjamin, die bloedbroer van Josef, wat sy siel aan die brand gesit het. En wanneer ons Josef, selfs Jesus, sal kom na die mense wat die gebooie van God gehou het en na Palestina teruggekeer het, sal Sy siel aan die brand gesit word. Klein Benjamin tipeer die 144,000 Israeliete vanoor die aarde wat teruggegaan het na Palestina vir hulle verlossing. Hulle sal daar staan reg om Hom te ontvang, Wie hulle tereg weet is Ewige Lewe. Hulle sal sê: "Dit is ons God vir Wie ons gewag het." Dan sal hulle Hom sien Wie hulle deurboor het. En hulle sal onsteld uitroep, "Waar het hierdie verskriklike wonde vandaan gekom? Hoe het dit gebeur?" En hulle sal weeklaag en huil, elke familie apart, elkeen apart in die foltering van verdriet.

Nou waar sal die Heidense Kerk wees terwyl Jesus Homself bekend maak aan Sy broers? Onthou dat die bruid van Josef met die twee kinders was in die paleis, want Josef het beveel: "Laat almal my verlaat; vat hulle almal weg voor my." So die Heidense bruid was verborge in die paleis van Josef. Waar sal die Heidense Kerk gaan in die wegraping? Binne in die paleis. Die bruid sal van die aarde weggeneem word. Sy sal weggeraap word voor die groot verdrukking om haar Here in die lug te ontmoet. Vir drie en 'n half jaar terwyl die vergeldende toorn van God uitgestort word, sal sy in die groot Huweliksete van die Lam wees. Dan sal Hy terugkeer, sal Sy bruid in "Sy Vader se huis los," terwyl Hy Homself bekend maak aan Sy broers. Presies op hierdie tyd, sal die verbond wat die Jode met Rome gemaak het verbreek word. Rome en haar bondgenote stuur dan hulle troepe om al die God-vreesende, Woord-gehoorsame Jode te verdelg.

Maar soos hulle naby die stad kom om dit te vernietig, sal daar verskyn in die hemele die teken van die koms van die Seun van die Mens met Sy magtige leërs om hulle te vernietig wat besig was om die aarde te vernietig. Met die terugslag van die vyand, kom Jesus dan en vertoon Homself aan die 144,000. Omdat hulle Sy magtige dae van verlossing gesien het, het hulle Sy krag leer ken. Maar om ook Sy wonde te sien en te weet dat hulle Hom selfs op daardie oomblik verwerp het, laat hulle uitroep in die foltering van onsteltenis en vrees, selfs soos hulle broers van ouds toe hulle voor Josef gestaan het,

doodbang dat hulle sou doodgemaak word. Maar soos Josef gesê het: "Moenie kwaad wees vir julleself nie. Dit is alles reg. God was in dit alles. Hy het dit gedoen om lewe te behou." Ook so sal Jesus met hulle in vrede en liefde praat.

Hoekom het die Jode Jesus verwerp? God was in dit alles. Dit was die enigste manier waarop Hy die Heidense bruid kon uitbring. Hy het gesterf op die kruis om die lewe van die Heidense Kerk te behou.

Nou die 144,000 is nie in die bruid nie. In Openbaring 14:4 word hulle genoem maagde en hulle volg die Lam waar Hy ookal gaan. Die feit dat hulle nie hulself met vroue geassosieer het nie toon dat hulle hofdiens is (Matthéus 19:12). Die hofdiens was die bewaarders in die bruid se kamers. Hulle was bediendes. Let op dat hulle nie op die troon sit nie maar is voor die troon. Nee, hulle is nie in die bruid nie, maar sal in die glorieryke millennium wees.

Ons sien dan dat wanneer hierdie laaste van Israel aangesluit het in liefde by die Here, en die vyand is vernietig, dan sal God Sy heilige berg voorberei, Sy nuwe Tuin van Eden vir die bruid en Sy en haar medewerkers vir die duisend jaar wittebrood op die aarde. Soos Adam en Eva in die tuin was en nie die duisend jaar klaar gemaak het nie, sal Jesus ons laaste Adam, en Sy Eva (Ware Kerk) die hele plan van God vervul.

O, hoe die Bybel homself herhaal. Die toneel van Josef en sy broers is amper weer besig om herhaal te word, want Jesus kom binnekort.

En soos ons die tipe van Josef nou los, is daar nog een ding wat ek onder julle aandag wil bring oor hierdie endtyd. Onthou julle dat soos Josef voor sy broers gestaan het toe Benjamin nie saam met hulle was nie het hy gepraat deur 'n interpreteerder hoewel hy die Hebreeuse taal geken het. Hy het met sy broers gepraat in 'n ander taal. Het julle geweet dat die eerste Heidense Tydperk (die hoof van goud, Babelse Eeu) het met 'n boodskap wat op 'n muur met vuur geskryf het uitgegaan? Hierdie eeu gaan uit op dieselfde manier. Die oorfloedige hemelse tale in hierdie dag is 'n verder bewys dat die Tye van die Heidene verby is en dat God terugdraai na Israel.

Hy kom gou. Die Alfa en Oméga, die Profeet, Priester en Koning, die Alles in Alles, Here God van Menigte, kom gou. Net so Here Jesus, die Een en Enigste Ware God, kom gou!



www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7